University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 5

## ONAANGENAAMHEDE VAN GEVANGENSKAP

Om die lewe en bedrywighede van die krygsgevangenes in die krygsgevangekampe beter te begryp, moet daar na die uitwerking van gevangenskap binne 'n beperkte ruimte op die Boerekrygsgevangenes in die algemeen gekyk word. Waar moontlik sal daar na die Suid-Afrikaanse kampe verwys word.

Dit was onvermydelik dat die krygsgevangenes deur afsondering en die beperking van bewegingsvryheid ontwrig en nadelig geraak sou word. Deur hulle inkamping is die krygsgevangenes aan 'n vreemde en onbekende omgewing en ook aan totaal onbekende toestande en omstandighede onderwerp. Hierop was hulle glad nie voorbereid nie.[1] Dit was egter nie net hul aanpassing by gevangenskap wat die lewe vir die gevangenes onaangenaam gemaak het nie. Aspekte soos die gebrek aan betroubare nuus, ledigheid, die vyandigheid tussen die gevangenes en die Britse wagte, en die talle siekes en hoë sterftesyfer in die kampe, het baie hiertoe bygedra.

### 1. Aanpassing by nuwe omstandighede

Van groot belang vir hulle lewe in al die krygsgevangekampe was die krygsgevangenes se aanpassingsvermoë by die nuwe omstandighede. Die meerderheid het betreklik maklik by hulle gevangenskap aangepas. Vir ander was dit uiters moeilik, en vir party byna onmoontlik. Laasgenoemdes het herhaaldelik uit die kampe probeer ontsnap - hiervan getuig die talle ontsnappingspogings uit die Suid-Afrikaanse kampe. Die feit dat krygsgeweld tot hulle

[1] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 191-193.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



gevangenskap aanleiding gegee het, het hierdie onversoenbaarheid vererger.[2]

Voor die oorlog was die Boerekrygsgevangenes hoofsaaklik selfstandige boere of beroepslui, wat elkeen met 'n hoë mate van gesag beklee was. In die krygsgevangekampe was hulle nou in 'n posisie van algehele ondergeskiktheid. Hulle moes bevele gehoorsaam, en vir alles wat hulle nodig gehad het, was hulle van die vyand afhanklik. Die onsekerheid oor die duur van hulle gevangenskap het dit ook vir die krygsgevangenes moeilik gemaak om by hulle gevangenskap aan te pas. Hulle het almal geweet dat repatriasie na afloop van die oorlog sou plaasvind. Omrede die meeste krygsgevangenes graag na hulle vaderlande wou terugkeer, het die onsekerheid oor die duur van die oorlog voortdurend aan die gemoed van die gevangenes in die verskillende kampe geknaag. In menige geval het die onsekerheid die krygsgevangenes prikkelbaar en humeurig gemaak.[3]

Wat vir talle krygsgevangenes in al die kampe moontlik die moeilikste was om by aan te pas, was die gedwonge en drukke sosiale verkeer met soveel mense van uiteenlopende persoonlikhede. In elke kamp is vele beroepsrigtings, nasionaliteite en lewensbeskouinge aangetref. Vele krygsgevangenes het nog nooit voorheen hierdie vorm van maatskaplike samedromming en groot samekoms van mense ervaar nie. Vir hulle was die kamplewe meer dikwels onuithoudbaar. Die rede hiervoor was dat daar in die yl bevolkte Republieke 'n besondere individualisme ontstaan het. Hierdie individualisme het aanpassing in 'n groot gemeenskap bemoeilik - veral in die kamp waar daar byna geen privaatheid en stilte was nie.[4]

Die gevolg was 'n toenemende prikkelbaarheid en onverdraagsaamheid onder die gevangenes. Bakleiery tussen gevangenes het om die nietigste redes voorgekom. "Van morgen was er eene gevecht tusschen Izak Wessels en Piet Gous. De dispuut was over eene baatje van I. die P. van

---

2 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 192-193; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* pp. 34, 45; K. Roodt, Boere-Krygsgevangenekampe, *Die Huisgenoot* 25 (960), 1940.08.16, p. 23.

3 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 194-196; Die helpende hand, Na jare agter doringdraad, *Die Brandwag* 10 (424), 1946.04.26, p. 9

4 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 197-198.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 50:** 'n Groep van die oudste krygsgevangenes in Groenpuntkamp.
OB, Foto 2761.




**Figuur 51:** Penkoppe in Tin Town, 1901. Alhoewel sommige van hulle krygsgevange geneem is, is die meeste kinders slegs aangekeer om te verhoed dat hulle by die kommando's aansluit.
TAB, Foto 1476.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



de paal afgooide" lees 'n mens op 22 Augustus 1900 van Hugo van Niekerk in Groenpunt.[5]

Soos 'n mens uit hierdie en ander vertellinge in die dagboeke van krygsgevangenes kan aflei, het mense het mekaar geïrriteer, maar kon mekaar, vanweë omstandighede in die kampe, nie vermy nie. Tweespalt en geskille het geleidelik tot opgekropte griewe gelei, wat in geweld ontaard het.

Volgens S.J. Burger was die baie soorte mense wat in Groenpuntkamp byeengebring is, 'n steurende faktor in die kamplewe. Burger skryf dat hy in die kamp die mens eers regtig leer ken het. "Verschillende karakters was het hier te zien, omdat alle soorten hier op een klomp vas gekeer was - overgodsdienstige en geheel ongodsdienstige, Godloogenaars, dieven, vegters, eerzuchtige in tijdelijke en in geestelijke zaaken".[6] Burger spreek ook verder sy afkeer in die sosiale toestande in die kamp uit. "Terwijl de dood hier in ons kamp heerste, was man besig met beklijen op de eene kant, kaart speel, dans voor viool consertina op de ander kant, terwijl de Predikant op een ander plek preekte ... . Zoo gaat het voort dag en nacht hoe langer hoe erger. Maar dan was er ook ware hijlbegeerige ziellen in dit kamp."[7]

Ook Hugo van Niekerk wys op die wye verskeidenheid mense in die Groenpuntkamp. (Sien Figure 50 en 51). "Wij hebben hier bijna elke soort man. Er zijn die zijn naam niet kon teekenen ... dan hebben wij M.A.'s ... L.L.B., M.B. ... . Zij die 67 jaar oud zijn en knapen van 12. Wij hebben doofstommen, kreupelen, en die niet bij al hunne zinnen zijn. Zij die ware helden waren en als dapperen streden en zij die slechts één schoot in den geheelen oorlog afschoten .... Rijken, armen, zindelijken en slordigen van alle soorten uitgenomen blinden, hebben wij".[8] Hierdie groot verskeidenheid mense het 'n ordelike samelewing uiters moeilik, en onderlinge begrip byna onmoontlik gemaak.

---

5 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.08.22, p. 88.

6 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 108.

7 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 108.

8 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 49.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Daar was tog ook faktore in die kampe wat die aanpassing by gevangenskap makliker gemaak het. Godsdiens was in hierdie opsig die één faktor wat grootliks tot aanpasbaarheid bygedra het. Soos E.A. Cohen opgemerk het, "We see in camp that anyone in whose life there are certain religious bonds, manages to recover the most quickly, after initial stupor".[9] Vir menige gevangene was godsdiens 'n ontvlugting. Dit is waarskynlik die rede vir die geweldige toename in die gewildheid van godsdienstige byeenkomste en aktiwiteite.

Buiten godsdiens, het 'n gesonde humorsin ook vir die krygsgevangenes in die algemeen ontvlugting gebied. Dit was 'n baie goeie uitlaatklep vir spanning wat die krygsgevangenes ervaar het. Vermaaklikheidsgroepe, soos die "Christy Minstrel Entertainment-groep" het byvoorbeeld gereeld in Groenpuntkamp vir komiese afleiding in die kamplewe gesorg. Daar is ook talle voorbeelde van hoe krygsgevangenes deur gekskeerdery ander en hulleself vermaak het. Hugo van Niekerk maak in sy dagboek melding van die manewales van twee gevangenes. Een van sy tentmaats, Jan du Plessis, het die gawe besit om soos 'n hond te kan blaf. Saans het Du Plessis en Hans Human dan meerkat en brak gespeel. Hans was die meerkat wat in 'n gat gesit het, en Jan die hond wat hom daar moes uitkry. Soms het die meerkat die hond bevlieg, en dan was dit "wonderlijk hoe natuurlijk hy als een hond kan tjanken". Gewoonlik was daar 'n groot skare mense om die tent wat na hierdie petalje kom kyk het.[10]

Samevattend kan daar gesê word dat die verskillende fasette van gevangeskap sielkundige ontwrigting onder die gevangenes in die kampe veroorsaak het. Hoewel die behandeling in die kampe nie noodwendig sleg was nie, was alles vreemd. Die algehele vreemdheid van alles waarmee die gevangenes in aanraking gekom het, het die aanpassing by die kamplewe moeilik gemaak. Die gevangenes wat die maklikste by hulle gevangenskap aangepas het, het eerste hierdie vreemdheid oorkom. Godsdiens en humor was twee van die belangrikste aspekte van die kamplewe wat die krygsgevangenes gehelp aanpas het.

---

9 Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 202.

10 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.18, p.61 en 1900.08.08, p. 83.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



2. Die behoefte aan nuus

Die krygsgevangenes in die verskillende kampe het hulle voortdurend gekwel oor die lot van hulle gesinslede in die Republieke en elders. Aanvanklik het geen nuus oor hulle dierbares hulle bereik nie en die gerugte wat aanhoudend in omloop was, het tot angstigheid gelei.[11]

Wanneer nuus - of dit verouderd was of nie - die krygsgevangenes wel bereik het, was daar te verstane groot verligting en dankbaarheid. G.S. de Villiers, van Groenpunt, skryf byvoorbeeld dat hy maande lank niks van sy vrou verneem het nie. Einde ten laas ontvang hy tog 'n brief van haar via Delagoa Baai en "... ongemerkte rolde er tranen over my wangen, van innig blydschap; want het ging toen nog allen goed."[12]

Behalwe vir nuus oor hulle familielede, het die gevangenes in die kampe ook na oorlogsnuus (veral nuus van Boere-oorwinnings of Britse-neerlae) en uiteindelik nuus oor vredesluiting gesmag. Dié nuus was egter baie skaars. Slegs Britse koerante en die Kaapse dagblaaie, *The Cape Times* en *The Cape Argus* is byvoorbeeld in die Kaapse kampe toegelaat.[13] Die krygsgevangenes hier het egter nie veel vertroue in dié koerante gestel nie, onder meer weens die anti-Republikeinse en pro-Britse houding van dié koerante. Onder dié krygsgevangenes was *The Cape Times* byvoorbeeld bekend as "De Cape Lies". Hugo van Niekerk het die volgende kommentaar op dié blad se beriggewing gelewer: "Het is droevig te zien hoe dat blad de kunst bezat om zaken te verdraaien".[14] Nietemin het die gevangenes in die verskillende kampe probeer om uit elke koerantberig iets goeds vir die Boeresaak te sien.[15]

---

11 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 205-206.

12 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 26.

13 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman: Rules regarding letters, 1900.08.01; Oorlogsmuseum, Bloemfontein (hierna OB.), Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.05.17, p. 74.

14 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.05.03, p. 63 en 1900.07.26, p. 79.

15 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 206; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 110.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Van tyd tot tyd is ander koerante die kampe ingesmokkel, wat die krygsgevangenes in 'n mate oor die "ware" toestand aan die oorlogsfront (eintlik maar die Boerekant) ingelig het. Die krygsgevangenes in Bellevue het per geleentheid byvoorbeeld *Stead Magazine*, 'n Amerikaanse tydskrif, in die hande gekry. Hierdie tydskrif het met die Boere gesimpatiseer en nuus oor die oorlog bevat. Dit het die Britte ook skerp veroordeel vir die behandeling van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe en ook vir die verwoesting van Boerewonings.[16]

Onder die onaangename omstandighede van die kamplewe was daar dus een ding waarna die krygsgevangenes in die algemeen baie uitgesien het. Dit was die ontvangs van pos. Die krygsgevangenes het voortdurend gehoop dat die pos vir hulle goeie nuus oor hulle gesins- of familielede sou bring. Wanneer iemand in die kamp 'n brief ontvang het, het talle gevangenes gewoonlik nader gestaan om te hoor wat daarin staan. Dikwels is hierdie brief aan die omstanders voorgelees.[17] Soos uit Hugo van Niekerk se dagboek blyk, is die krygsgevangenes in briewe deur familie en vriende opgebeur en moed ingepraat. Die wete dat daar mense buite die kamp was wat aan hom gedink het, was vir Van Niekerk 'n riem onder die hart.[18]

Tog het die briewe nie net goeie nuus bevat nie. Die uitdeling van pos het in der waarheid gemengde reaksie onder die gevangenes in die kampe ontlok. Vir een het die pos vreugde, en vir 'n ander droefheid, gebring. Dikwels was daar nuus oor die ellende in die konsentrasiekampe, of die heengaan van 'n dierbare gewees. Ten spyte van die feit dat die gevangenes kwalik op goeie nuus kon hoop, het hulle tog na die uitdeel van die pos uitgesien.[19]

Nie net briewe en koerante nie, maar ook nuwe aankomelinge in die kampe, was vir die krygsgevangenes bronne van nuus. In die Suid-Afrikaanse kampe was daar voortdurend nuwe aankomelinge. Telkens wanneer nuwe gevangenes in die kamp aangekom het, is nuus van familie,

---

16 TAB, Pretoria, A 947, J.D.T. Krynauw, Oorlogsherinneringe, p. 51; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 206; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 110.

17 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 206-207.

18 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.04, pp. 70-71 en 1900.07.17, p. 72.

19 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 207-210.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



vriende en die stand van die oorlog van hulle verneem.[20]

Die gebrek aan nuus het soms onder sowel die krygsgevangenes as die geliefdes by die huis vir verleentheid, teleurstelling en hartseer gesorg. 'n Man, in sy sestigerjare, het byvoorbeeld op 'n dag in Umbilo-kamp na vredesluiting, terwyl die krygsgevangenes op repatriasie gewag het, met sy bruid, wat sestienjaar oud was, kom spog. "Treurig was de gevolg van deze besoek, want hier vindt de bruid hare eerste Bruidegom, een flinke jongen van twentig jaren oud, die vermoedelijk was gevallen op het Slagveld. De ontmoeting was zeer vermaaklijk terwijl de oude bruidegom een aanschouwer was. Deze gebeurtenis zal zeker een 'Extra Vrede Proclamatie' vereischen, daar die boel zeer ongezuiverd is." Die uiteinde van die saak was dat die bruid sonder om te skroom na haar eerste man teruggegaan het.[21]

3. Ledigheid en verveling

Daar was waarskynlik min faktore gedurende hulle gevangenskap, wat die lewe van die krygsgevangenes meer ontwrig het as die gebrek aan dinge om hulle mee besig te hou. Die aanvanklike ledigheid, kort na die oprigting van die kampe in 1900, was 'n kenmerk van die lewe in die Suid-Afrikaanse kampe. Eers met verloop van tyd is die middele en geleenthede geskep om die ledigheid teen te werk. "Het spreekt van zelven dat ons leven maar zeer eentonig moet wees. Wij hebben bijna niets om over te spreken. Ik ben al zoo moe voor 't gesprek over den oorlog. Elke man wil een ander opinie uiten en elke een bijna zonder uitzondering schijnt te meenen dat in dien hij in die plaats van Pres. Kruger en Steyn was zaken veel beter zouden geweest zijn", verklaar Hugo van Niekerk kort na sy aankoms in Groenpuntkamp.[22]

'n Ander krygsgevangene stel dit weer so, "...'n mens was naderhand ook so moeg van al die niksdoen; die tyd het jou darem so verveel! Ek het mense soos mal skape op en af, op en af teen

---

[20] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*,1900.11.14-15, pp. 100-103; C.R. Kotzé, *My Ballingskap*, p.64.

[21] KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 2, 1902.06.14, p. 2.

[22] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die draadheining sien loop, totdat hulle stapelgek was. Die tyd en jou gedagtes - dit was jou grootste vyande."[23]

As gevolg van die aanvanklike ongeorganiseerdheid van die kamplewe was die individuele krygsgevangene op homself aangewese om die ledigheid te verdryf. Die leiers onder die krygsgevangenes in die verskillende kampe het egter mettertyd besef dat iets gedoen moet word om die ledigheid teen te werk, om verveling te voorkom. Veral in die Kaapse kampe is daar toe begin om die lewe in die kampe te organiseer om dit meer houdbaar te maak. Verenigings en sportliggame het gevolglik in Groenpunt en Bellevue, en op kleiner skaal in die Natalse kampe, ontstaan.

Nieteenstaande dié organisasie van die kamplewe, is al die krygsgevangenes nie van ledigheid gered nie. Die meerderheid gevangenes in die kampe het inteendeel aan niks deelgeneem nie, en soos gewoonlik in groepies gesit en gesels of geslaap, gelees of briewe geskryf.[24]

4. Verlange na huis en haard

As gevolg van die ledige lewe wat so baie krygsgevangenes in die kampe gelei het, het die kwellinge oor die gesins- of familielede hulle gedurig bygebly. Nuus het die gevangenes in Groenpunt en die ander Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe makliker bereik het as dié in oorsese kampe. Tog het die gevangenes plaaslik ook veel oor hulle land, die oorlog, en veral die toestand van hulle vroue en kinders in die konsentrasiekampe gewonder. Namate die oorlog voortgeduur het, en berigte van dood en verwoesting die gevangenes in die kampe bereik het, het kwellinge oor hulle geliefdes toegeneem. Op sulke oomblikke het die krygsgevangenes dikwels tot die besef gekom van hulle magteloosheid om hierdie toestande te verander. Dan het hulle afkeer in die Britte opgevlam.[25]

---

23 Soos aangehaal deur Kotie Roodt, Gevangene-kuns van die Boer, *Die Huisgenoot* 24 (950), 1940.06.07, p. 19.

24 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 218-219; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, pp. 37-38.

25 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 220-221; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 108.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Ten spyte van die uiteenlopendheid van die mense wat in die kampe byeengebring is, het die lot wat hulle gedeel het, tog 'n samehorigheidsgevoel onder die gevangenes in elke kamp onstaan. Deur die vriendskappe wat ontstaan het, is die gevangenes soms deur moeilike en onsekere tye gehelp. Die welwillendheid van familie, vriende en goedgesinde persone buite die kampe het die krygsgevangenes met groot dankbaarheid vervul. So byvoorbeeld het die gevangenes herhaaldelik eetgoed, klerasie en ander nodige artikels, en ook vriendelike briewe van dié mense ontvang. Hierdię optrede het die krygsgevangenes opgebeur omdat dit aan hulle getoon het dat hulle nie vergete en verstote was nie.[26]

Die beter georganiseerde kamplewe in die verskillende kampe het meegebring dat die tyd minder verveel het. Tog was daar steeds baie ledige ure, wanneer die gevangenes se gedagtes weer kon dwaal na hulle dierbares tuis en hulle makkers te velde.[27] Dan moes talle gevangenes ook soos S.J. Burger gevoel het, toe hy uit Groenpunt geskryf het, "daar ver anderkant die gebergte lag mij dierbaar vaderland, waar mij dierbaar Echtgenoot en lieve kinderen zijn ... hoe lang zal het noch duuren voor dat ik U weer zal ontmonten [ontmoeten]".[28]

5. Die verhouding tussen wagte en gevangenes

In die krygsgevangekampe was daar dikwels gebrek aan behoorlike kommunikasie tussen die krygsgevangenes en die owerheid. Misverstande het die verhouding tussen die twee groepe dus dikwels vertroebel. Uit die lewe van die krygsgevangenes is daar min voorbeelde wat daarop dui dat daar die nodige vertroue tussen gevangenes en hulle Britse gesagvoerders was. Soms het die kampowerheid se optrede die krygsgevangenes min rede gegee om vertroue in hulle te stel. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die gebeure rondom die dood van Philip Cronjé goed in Groenpuntkamp (sien Hoofstuk 2). Tydens gebeure soos dié is gevoelens opgesweep, en onrus

---

26 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 223-224; Hugo Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, p. 56 en 1900.07.25, p. 77.

27 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 226; V. Pohl, *Adventures of a Boer family*, pp. 58-59.

28 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van ...* (red. T. van Rensburg), p. 113.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



en wantroue aangewakker.[29]

Die uitwerking van verskeie faktore het dikwels saamgeloop en spanning laat oplaai sodat dit soms tot botsing tussen krygsgevangenes en wagte in die kampe gelei het. Hugo van Niekerk beskryf byvoorbeeld in sy dagboek onsmaaklike gebeurtenisse wat in Groenpuntkamp voorgekom het. "Een paar avonden geleden werdt er met steenen naar een der skildwachten geworpen. De namen van vele onschuldigen werden toen opgeschreven." Die twee booswigte wat vir die klipgooiery verantwoordelik was, is wel later opgespoor en gestraf. Tog het die hele kamp vir 'n week lank geen konfyt ontvang nie.[30] In Sky View is een van die lampe stukkend gegooi. Die hele kamp is toe gestraf en het vir 'n week nie konfyt of melk gekry nie.[31]

Hoewel Van Niekerk nie besware gehad het teen die feit dat die oortreders gestraf is nie, het die feit dat die onskuldiges ook deur die kampowerheid gestraf is, hom gegrief en het hy dit as onbillike optrede beskou.[32] Al kan die optrede van die Britse kampowerhede nie in al die gevalle as billik beskou kan word nie, moet daar in berekening gehou word dat dit hulle taak was om wet en orde in die kampe te handhaaf. Die straf wat deur die kampowerhede uitgedeel is, is dikwels as afskrikmiddel vir soortgelyke optrede in die toekoms bedoel.

Voorbeelde van dergelike optrede deur die kampowerheid in Groenpunt, is daar baie. By elke geleentheid het die gevangenes die kampowerheid met groter wantroue bejeën. Tog was daar ook gemoedeliker oomblikke tussen die wagte en die krygsgevangenes. Gesprekke het soms spontaan tussen hulle ontstaan, en die gevangenes het selfs gunste aan die wagte bewys - 'n gevangene het byvoorbeeld 'n wag gehelp om sy pyp op te steek. Gebeure soos dié het die gespanne houding

---

29 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 427-428.

30 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.01, p. 92.

31 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.01, p. 92.

32 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.01, p. 92. S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 431.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



tussen die twee groepe vir 'n rukkie verbreek.[33]

Nietemin blyk die gevoel in die kampe tydens die Anglo-Boereoorlog oor die algemeen een van wantroue te wees. Die krygsgevangenes het met verloop van tyd al hoe meer begin glo dat hulle die slagoffers van swak oordeel en onregverdige optrede was. Gevoelens soos dié het hulle gevangenskap nog onaangenamer gemaak, en hulle leed verhoog.[34]

6. <u>Siekte en sterftes in die Suid-Afrikaanse kampe</u>

Die Britse owerheid was aanvanklik onvoorbereidheid om groot getalle krygsgevangenes te huisves. Dit, gekombineer met onvoltooide kampe, ontoereikende mediese geriewe en ongesonde toestande, het baie siektes en selfs epidemies in die kampe tot gevolg gehad. In die Suid-Afrikaanse kampe het aansteeklike siektes veral vinnig versprei, en baie gou epidemiese omvang bereik. Die gevolg was dat groot getalle sterftes, aan veral masels, longontsteking, tifus, maagkoors en daarmee gepaardgaande disenterie, voorgekom het.[35]

In Groenpuntkamp was die toestand sorgwekkend. Aanvanklik was daar geen hospitaalgeriewe nie. Van einde Maart 1900 tot Junie 1900 het gelyktydige masel- en koorsepidemies sporadies gewoed. Oral het siekes onversorg tussen die ander krygsgevangenes gelê. Oorvol tente en die nat Kaapse weer het toestande vererger, en meegehelp dat die sterftesyfer ontstellend hoog gestyg het. Ten spyte hiervan het die kampdokter, volgens S.P.R. Oosthuizen[36], skynbaar nie veel gedoen om die toestand te verbeter nie. 'n Berig in *The Cape Argus* beweer nietemin dat die Britse militêre owerheid baie besorg oor die siek krygsgevangenes was, en alles in sy vermoë sou doen om die siekes gesond te kry en hulle bekommerde familielede gerus te stel.[37] Die

[33] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, p. 57 en 1900.08.07, p. 82.

[34] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 439.

[35] TAB, Pretoria, RK 196; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 450-451; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 26.

[36] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 454.

[37] *The Cape Argus*, 1900.04.02, p. 4.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 52:** Die kamphospitaal in Groenpuntkamp het aanvanklik slegs uit 'n aantal tente (in die voorgrond) bestaan. In die tweede helfte van 1900 is 'n sinkgebou opgerig, wat toe as hospitaal gedien het.

Uit: *The Anglo-Boer War, 1899-1902. 500 Photos* (sp.,Sj.), p. 117.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



kampdokter se hoofkwartier was in 'n paar tente.[38] Pasiënte is daar, ondanks die siektes waaraan hulle gely het, "met gekleurde water uit dieselfde bottel" behandel.[39] Volgens L.A. Visagie het die dokter 'n wondermiddel vir alle kwale gehad - dit was 'n emmer kroton-olie waaruit hy vir elke kranke wat hom kom besoek het, 'n stywe dosis toegedien het.[40]

Die kampdokter was onder die gevangenes bekend as dokter "Bietjie Beter". Dié naam het die dokter gekry omdat hy, wanneer hy 'n sieke besoek het, altyd gesê het, "Bietjie Beter, steek uit de tong".[41] Dit was blykbaar sy volledige Afrikaanse woordeskat.

Onder die gevangenes het die indruk ontstaan dat die behandeling steeds versleg het. Intussen moes mede-krygsgevangenes die siekes so goed as moontlik in hulle tente versorg en verpleeg. Pasiënte wat ernstig siek was, is wel na die Somerset-hospitaal naby die kamp oorgeplaas. Hiér was die behandeling wat die siek burgers ontvang het, baie beter, en is geen onderskeid tussen die behandeling van Boer en Brit getref nie.[42] Voor sy vertrek uit Groenpunt teen die einde van Julie 1900, het ds. W.A. Alheit 'n lys saamgestel van die siekes wat gedurende sy dienstydperk in die hospitale was. Hiervolgens was 375 siek aan koors, 263 aan masels en 127 aan ander siektes. Die sterftesyfer was toe reeds 61 man.[43]

Dit blyk tog dat die getal sterftes en ernstig siek krygsgevangenes die Britse leërleiding verontrus

---

[38] *Ibid.*, p. 454; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 48 en 1900.03.26, p. 53; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 106.

[39] Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 454.


[40] L.A. Visagie, *Terug na kommando*, pp. 34-35.

[41] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 51.

[42] S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 455; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 35; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22-1900.03.23, pp. 51-52; The Cape Argus, 1900.04.02, p. 4.

[43] Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.26, p. 78; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 454-455.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 53:** Die kamphospitaal in Tin Town, Ladysmith - 'n duidelike verbetering op die tenthospitaal in Figuur 52.
OB, Foto 14166.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



het. Lord Roberts, wat tot November 1900 militêre opperbevelhebber in Suid-Afrika was, het byvoorbeeld reeds in April 1900 versoek dat medisyne en Rooikruisdokters van Pretoria na Kaapstad gestuur word om die krygsgevangenes te versorg.[44] Teen die middel van 1900 het die kampowerheid daadwerklike pogings aangewend om die toestand in Groenpuntkamp te verbeter. 'n Sinkgebou, wat as hospitaal sou dien, is opgerig. Hier was alles "zeer net en ordelijk", berig Hugo van Niekerk.[45] is dokter "Bietjie Beter" in November 1900 deur die owerheid ontslaan, en 'n nuwe dokter, genaamd Hall, is in sy plek aangestel. Die algemene gesondheidstoestand in Groenpuntkamp het na hierdie stappe baie verbeter.[46]

Net soos in Groenpunt het die mediese toestand in Bellevue aanvanklik veel te wense oorgelaat. W.P. Schreiner, die Kaapse eerste minister, was inderdaad so besorg daaroor dat hy 'n mediese ondersoek gelas het. "De militairen erkenden dat, daar de ziekte hen overvallen was, alles nog niet behoorlijk was geregeld; doch men was bezig alle mogelijke maatrelen te nemen om het lot der ongelukkigen zoo dragelijk mogelijk te maak." berig Screiner.[47] Van die krygsgevangenes wat ernstig siek was, is wel na die Palace-hospitaal in Simonstad geneem. Dié hospitaal was eers die barakke van die Engelse artilleriste. Talle van die generaal Cronjé se manskappe, wat in Maart 1900 in Simonstad aangekom het, was byvoorbeeld met hulle aankoms te Simonstad só siek (meestal met maagkoors) dat hulle direk na die hospitaal geneem is.[48]

Daar was ook indiwidue en instansies wat vrywillige mediese diens in Bellevue verrig het om die lot van die siek Boere te verlig. Teen April 1900 was daar onder meer ses Rooikruis-

44 TAB, Pretoria, SOP PR/A 188, Lord Roberts, Bloemfontein - The General Officer Commanding Lines of Communication, Cape Town, 1900.04.25.

45 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.11.14, p. 101.

46 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.11.24, p. 105.

47 Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 451.

48 W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 450-451.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



verpleegsters wat onder leiding van lady Briggs na die siek krygsgevangenes omgesien het.[49] Op daardie stadium het daar tussen drie en vyf gevangenes per dag gesterf.[50]

'n Ander vrywilliger wat met die verpleging van die Boere te Simonstad gehelp het, was mej. Mary Kingsley (1862-1900). Voor haar koms na Kaapstad was sy, vanweë haar togte heeltemal alleen in Wes-Afrika, reeds wel bekend. Die Boerekrygsgevangenes het 'n hoë agting vir haar persoonlik gehad en was vol lof en waardering vir die diens wat sy onder die siekes verrig het. Tydens haar diens in Bellevue het mej. Kingsley self maagkoors opgedoen en in Junie 1900 daaraan beswyk. Sy is by Seaforth, byna reg teenoor die krygsgevangekamp, met volle militêre eer ter see begrawe.[51]

Deur die loop van 1901 en 1902 maak *De Kerkbode* daarvan melding dat die sterftesyfers in die kampe aansienlik afgeneem het. In Januarie 1902 was dit byvoorbeeld reeds ses maande sedert 'n sterfgeval in Bellevue aangeteken is.[52] In Umbilo-kamp, waar die mediese toestande ook aanvanklik sleg daaruit gesien het, was die redakteur van *The Tick* in 1902 vol lof vir die Britse owerheid. Hy skryf, "Our Camp is in a thorough sanitory condition and the health exceptionally good, the few patients are those chronics contracted elsewhere, and if this salubrious state continues the doctors will have to go on Strike. All thanks to our indefatigable and ever obliging Lieut.Col. Allatt, S.O.P., for the existing comfort and contentment."[53]

Onder die kampomstandighede het enige sterfgeval die krygsgevangenes diep getref, want ten spyte van onderlinge geskille was daar soos genoem 'n kameraadskap en dikwels familiebande.

---

[49] SAB, Kaapstad, MSB 651, Hoskins, A.B., Correspondence of..., Hoskins - Moeder, 1900.04.18 en 1900.05.02. Volgens Hoskins het die militêre owerhede lady Briggs kort daarna die trekpas gegee omdat sy ontevrede was daaroor dat sy na die "dirty Boers" moes omsien. Haar idee van verpleging was (volgens Hoskins) die voorlees van boeke aan gewonde offisiere.


[50] SAB, Kaapstad, MSB 651, Hoskins, A.B., Correspondence of..., Hoskins - Moeder, 1900.04.18 en 1900.05.02..

[51] W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 18; SAB, Kaapstad, MSB 651, Hoskins, A.B., Correspondence of..., Hoskins - moeder, 1900.06.06; Internet: http://www.netsrq.com/~dbois/kingsley.html - 'n webblad inligting oor Mary Kingsley.

[52] *De Kerkbode* 25(18), 1901.06.27, p. 374, 48(18), 1901.12.05, p. 654 en 3(19), 1902.01.23, p. 29.

[53] KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p.2.

University of Pretoria etd- Changuion L A  2000



**Figuur 54:** Die begrafnis van 'n Boerekrygsgevangene te Simonstad.
Uit: *The Anglo-Boer War, 1899-1902, 500 Photos* (sp., sj.), p. 43).

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Die eerste sterfgeval in Groenpuntkamp is op 26 Maart 1900 aangemeld. "De Eng.", het Hugo van Niekerk aangeteken, "doen allen in hun vermogen om een goede begrafnis te bezorgen". 'n Indrukwekkende lyksrede en begrafnis is vir dié gevangene gehou.[54] By die talle begrafnisse wat ook hierna in die Suid-Afrikaanse kampe sou plaasvind, was dit altyd die kapelane wat die lyksrede gehou het. Die gestorwenes is altyd met volle militêre eerbewys begrawe (Figuur 54). 'n Paar familielede of vriende van die gestorwene is soms, onder begeleiding, by die begrafnis toegelaat.[55]

Die Britse owerheid het, wat begrafnisse betref, skynbaar later meer toegeeflik teenoor die krygsgevangenes geword. So het daar in Tin Town teen die middel van 1901, volgens *De Kerkbode*, gewoonlik drie-en-twintig of vier-en-twintig krygsgevangenes, sonder 'n wag, tydens 'n begrafnis na die kerhof gegaan.[56] Dit was nadat die Britte begin het om krygsgevangenes na distrikskampe oor te plaas. Die gevangenes sou dus nie hulle moontlike parool of oorplasing deur 'n ontsnappingspoging in die wiele wou ry nie.

In sy geheel gesien, was krygsgevangenskap onaangenaam. Soos hierbo gesien kan word, moes die krygsgevangenes hulle by totaal vreemde omstandighede aanpas. Die ledigheid en verveling wat daarmee saamgaan, en ook die verlange na huis en haard, het die lewe vir vele krygsgevangenes baie moeilik gemaak. Verder het die oënskynlike vyandige houding van die Britse kampowerhede en ook hulle klaarblyklike laksheid wat mediese geriewe betref, spanning op die krygsgevangenes geplaas en 'n gevoel van wantroue jeens die kampowerhede laat ontstaan.

Te midde van hierdie onaangenaamhede, moes elke krygsgevangene die lewe vir homself so aangenaam moontlik maak. Soos in die voorafgaande hoofstukke gesien, het die meerderheid hulle gewend tot handewerk, sang, toneel, musiek, sport, speletjies, godsdiens, ensovoorts.

---

54 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.26, pp. 52-53; vergelyk ook S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 106.

55 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.22, p. 50; SAB, Kaapstad, MSB 651, Hoskins, A.B., Correspondence of..., Hoskins - Moeder, 1900.04.18; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 37; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 42.

56 *De Kerkbode* 25 (18), 1901.06.27, p. 374.